

**TEENSPANNING**

**MAGALIES**

**RADIO-AMATEUR KLUB**

**Julie / Augustus 2011**

Jaargang 47/nr. 6

Elektronies 45

Posbus 13653

Pretoria

0135

**Vir meer inligting besoek  
ons webwerf by  
[www.zs6mrk.org](http://www.zs6mrk.org)**

## VOORSITTER

Thys Maree ZS6MJM. 012-3321451;  
082-5656087; mareemj@intekom.co.za

## SEKRETARIS

Johann du Plessis ZS6PSS. 012-3321431;  
082-4461581; telesat@cybersmar t.co.za

## TESOURIER

Louis Mitchell ZS6LWM. 082-5583817;  
louis.mitchell@wol.co.za

## WEBMEESTER

Thys Maree ZS6MJM. 012-3321451;  
082-5656087; mareemj@intekom.co.za

## TEGNIESE Koördineerder

Sam van Zyl ZS6JZ. 082-4472081;  
samzs6jz@gmail.com

## JEUG Koördineerder

Johann du Plessis ZS6PSS. 012-3321431;  
082-4461581; telesat@cybersmar t.co.za

## SKAKELBEAMPTE

Chris Smit ZS6FCS. 12-3331826;  
082-4641007; zs6fcs@telkomsa.net

## REDAKTEUR

Marco J Nel ZS6MJ. 0797898686  
marconel@vodamail.co.za

2. Indeks
3. Jesus in ons lewe
4. Klubsake / Jaar eind funksie
5. Veiligheid & wenke
6. Weerlig waarneming
7. Dringende boodskap
8. Fondasie vir torings
9. Fondasie vir torings vervolg
10. Uit toeka se dae
11. Uit toeka se dae vervolg
12. Uit toeka se dae vervolg
13. Humor
14. Tegnies
15. Tegnies vervolg
16. Ruimtetuig om Mercuruis
17. Antarktika; vriend of viand?
18. Herdenkings
19. Terug na basies
20. Wat's te ete?
21. Jongspan
22. MRK trofee's
23. TNT / MRK verlede



***Baie dankie aan ons borge.  
Sonder julle is hierdie  
Teenspanning nie  
moontlik nie.***



## Die geheim

Eendag vra die een vriend vir die ander, “Hoe is dit moontlik dat jy altyd gelukkig is? Jy het altyd energie en ek het jou nog nooit af of moeg gesien nie.”

Met ’n glimlag in sy oë sê hy, “Ek ken die geheim!”

“Wat se geheim is dit?” Hy antwoord – “Ek sal jou alles van die geheim vertel, maar jy moet my belowe, dat jy die geheim met almal sal deel.”

“Die geheim is dat: Ek het geleer dat daar min is in my lewe wat ek kan doen om myself werklik gelukkig te maak. Ek moet op God vertrou om my gelukkig te maak en te voorsien in my behoeftes.

Wanneer ’n behoefte in my lewe ontstaan, moet ek op God vertrou om dit te voorsien ooreenkomstig Sy besluit. Ek het geleer dat meeste van die tyd het ek nie die helfte nodig van dit wat ek wil hê nie. Hy het my nog nooit teleur gestel nie. Vandat ek hierdie geheim geleer het, is ek gelukkig.”

Die vriend se eerste gedagte was: ‘Dit is te simpel en eenvoudig!’ Maar nadat hy sy eie ewe oordink het besef hy, hy het gedink ’n groter huis sa hom gelukkiger maak, maar nee, dit het nie!

’n Meer betalende werk sal hom gelukkiger maak, maar dit het nie.

Wanneer het hy besef was hy op sy gelukkigste?

Toe hy saam met sy kleinkinders op die mat gesit het, speletjies gespeel, pizza eet en vir hulle ’n storie gelees het. ’n Geskenk van God.

Nou weet jy ook!

Mens kan nie op mense vertrou om jou gelukkig te maak nie. God en Sy wysheid alleen kan dit doen. Vertrou op Hom!


Nou het ek die geheim na jou toe aangestuur! Nou moet jy besluit wat jy daarmee gaan doen?

Jy moet hierdie geheim met iemand deel asseblief! Dat God in sy wysheid altyd na jou sal omsien! Maar dit is nie ’n geheim nie, ons moet net glo en vertrou God met ons hele hart.

## Gebed

*Onse Vader in die hemel, ek bid dat U vir die persone wat ek hierdie gebed doen deure sal oopmaak. Slegs U o Here is in staat om deure oop te maak wat geen mens kan toemaak nie en om deure toe te maak wat geen mens kan oopmaak nie. Dankie vir ons gesondheid, dankie vir kos en klere. Ons is lief vir U o Here en gee alle eer aan U en ons aanbid U met ons hele wese ...AMEN...*

**“Om God aan jou kant te hê beteken nie dat jy in ’n bootjie seil waar daar geen storms is nie,  
Maar dit beteken dat geen storms jou bootjie sal kan sink nie!”**



**Roepsein:** ZS6MRK  
**Herhaler:** 145.750 MHz. 51.750 MHz. 438.750 MHz. 438.575 MHz.  
**Posbus:** 1492 Pretoria 0001  
**Bank:** ABSA Tak 335045  
**Rek no:** Tjek 0600162020  
**Klubhuis:** hv. Mills & Breyer laan Waverley  
**Webblad:** www.zs6mrk.org - **volg skakel na ons nuwe webblad!**



**E-pos:** sekretaris@zs6mrk.org  
**Byeenkomste:** Gewoonlik die 3de Saterdag van elke maand by die Klubhuis behalwe wanneer anders af gekondig  
**Bullitins:** Sondag 11:15 op die onderskeie Herhalers sowel as 14,225MHz ESB.  
Echolink via ZS6FCS. (Volg aangeduide skakels)  
Woensdae 19:30 heruitsending op 145.750 FM en 3,640 MHz ESB.  
Luister op Woensdae aande net na die bulletin heruit sending 19:30 op 145.750 FM na tegniese besprekings en neem saam deel.  
Elke 2de Woensdag aand om 19:00 is dit die bulletin van ZS6JVT. Die stem van ons jeug.

## MRK Jaareind funksie

Kan dit byna nie glo nie. Nog 'n jaar vir MRK staan einde se kant toe na waar ons weer lede fooie moet betaal, maar meer belangrik, 'n nuwe komitee moet verkies.

**Het jy al gedink aan wie MRK vir die volgende jaar kan lei?**

Vier (4) belangrike poste moet gedurende die AJV, (algemene jaar vergadering) op 10 September gevul word naamlik: **Voorsitter; Vise-voorsitter; Sekretaris en Tesourier.** U kan reeds nou al dink aan 'n geskikte persoon vir die onderskeie poste en nomineer. Maak asb. seker die persoon is wel beskikbaar gedurende die komende jaar.

Ander beskikbare poste sluit in: **Sosiale koördeneerder; Webmeester; Tegniese koördeneerder; Digitale radiowerking; Bulletin koördeneerder; Jeugkoördeneerder; Skakel beampte; Redakteur en etlike ander** wat moontlik nog vir die toepaslike jaar geskep mag word.

*Die groot hoogte punt gedurende die AJV is altyd die prys uitdeling, moet dit nie misloop nie: Om vir die BHF-wisseltrofee in aanmerking te kom, moet U minstens een maand voor die AJV voorafgaan skriftelik aansoek doen vir die toekening.*  
Raadpleeg die MRK grondwet onder 9.6 vir die vereistes.

Ek gee maar net weer vinnig 'n paar gedagtes aangaande veiligheid.

Die afgelope week was ek toe ook self die slagoffer van misdaad, en U sal seker dink "ja hy preek vir ander en trap dan self in die strik". Ja, dit is seker waar.

Toe ek Dinsdag-oggend by my werkwinkel aankom, moes ek ontdek dat skelms nie slegs met my een seun se motor weg is nie, maar ook die ander seun se motor probeer steel het. Gelukkig het hulle nie weg gekom met die motor nie, maar heelwat skade is aangerig deurdat hulle 'n venster gebreek het, die radio met versterker en luidsprekers gevat het, en die bedrading verwoes het.

Nou neem ek hierdie situasie in oënskou, en kyk waar het ek oral fouteter. Skielik besef ek dat dit geen wonder is dat ek 'n slagoffer geword het nie. Ten spyte van vermanings, het ons eenvoudig oor gerus geraak. Die motor wat gesteel is, het bv. geen alarm of stuurslot of enige ander vorm van sekuriteit in gehad nie. Die motor waarvan die radio gesteel is, het 'n slot aan die rat-hefboom gehad. Verder het die motor 'n probleem met sy vergasser gehad, en sou dus nie vat nie. Hierdie twee faktore was egter sy redding. Dit is duidelik dat hulle eerder motors soek wat in 'n lopende kondisie is. Hulle wil nie sukkel met 'n ding wat nie kan gery word nie. Die ondervinding wat ek hieruit kry is die volgende: Die skelms doen moeite om jou dop tehou en die aanval te beplan. Hulle soek vergoeding vir hul moeite, en sal alles neem wat hulle kan. Jy kan dus seker wees van skade wanneer hulle jou besoek,



Wat moet ons dan doen?. Eerstens, sorg dat jy hulle ontmoedig deur hulle met behoorlike heinings en hekke uit te hou. My voormure is laag, en ek het geen slot aan die hek gehad nie. Tweedens, Moet nie op jou honde alleen vertrou nie. Ek het 'n kwaai Rotweiler en 'n Wolfhond op die perseel, maar dit het hulle nie gestuit nie. Die honde is waarskynlik met Doom of iets gespuit. Ek het wel goeie beligting rondom die huis, maar blykbaar het dit nie gehelp nie. Dit beteken net een ding. Ek moet dadelik my beveiliging verskerp. Die lae mure moet beveilig word en die hek moet vervang word met een wat behoorlik kan sluit. Verder moet ek 'n alarm-stelsel installeer wat met beweging aan geskakel word. Ge-elektrifiseerde heinings is seker 'n volgende vereiste, hoewel dit ook nie onveilig is nie. Ons motors moet almal rathefboom-slotte en alarms kry. Hierdie alarms moet nie deur slegs skakelaars op die deure geaktiveer word nie, maar ook deur iets op die vensters. By albei hierdie motors het hul toegang verkry deur die agterste klein venster te breek. Hulle was duidelik versigtig vir alarms wat kan afgaan wanneer die deur oopgemaak word. 'n Belangrike punt is om te sorg dat jou motor gereeld behoorlik gewas word. Die man wat die vinger-afdrukke geneem het, kon nie veel uitrig nie omdat daar te veel stof op die motor was wat afdrukke nutteloos maak. Daar was ook te veel ander afdrukke omdat die motor so lanklaas behoorlik met seep gewas is.

Om kortliks op te som. Jy gaan die gespuis nie weg hou nie, maar maak dit ten minste vir hulle so moeilik as moontlik. Moet steeds nie braaf wees en hulle self probeer aanvat nie. Hierdie mense is lafaards, en loop gevolglik altyd in 'n groep waarteen jy nie 'n kans staan nie. Jou lewe is tog meer as 'n motor of enige iets anders werd.



**WEERLIG WAARNEMINGS NETWERK**  
**- JOHANN ZS6PSS -**  
**(LIGHTNING DETECTION NETWORK) – (LDN)**

Weerlig is een van die groot oorsake van baie kragonderbrekings, brande, verlies aan lewens en eiendom in Suid-Afrika. Suid-Afrika het van die hoogste weerlig slae per vk.km. in die wêreld en kom hoofsaaklik voor op die Hoëveld en in die Drakensberge. Sterftes wat verband hou met weerligslae is hier in Suid-Afrika nagenoeg 4 maal hoër as in die res van die wêreld. Die Suid-Afrikaanse Weerburow het hulle bereid verklaar om met die toerusting wat onlangs bekom is, sover as moontlik die SA-publiek met akkurate voorspellings te voorsien.



***Wat is weerlig ?***

Weerlig is die opbou en ontleding van elektriese energie tussen positiewe en negatiewe gelaaiete areas in die atmosfeer en die wolke. Die meeste weerlig kom voor tussen die wolke, maar dit is die wolk tot grondslae wat uiters gevaarlik is.

Die gemiddelde weerligblits het genoeg krag om 'n gloeilamp van 100 watt vir drie maande lank te laat brand. Gedurende die slag en ontleding

**PAIN T FACTORY cc**  
 Vat No. 4590177863 **ART SHOP** CK 96/053493/23

**Danie Bisschoff**  
 083 235 0970

Tel: 012 351 3092 Fax: 012 351 3234  
 Frederikastraat Tussen 14de & 15de laan  
 Rietfontein  
**paintfactory@telkomsa.net**



# AAN ALLE RADIO-AMATEURS

7

NEEM ASB. KENNIS VAN DIE VOLGENDE BOODSKAP SOOS UITGESAAI OP SONDAG 26/06/2011 GEDURENDE DIE SARL HOOFKANTOOR BULLETIN.

## DRINGENDE BOODSKAP AAN ALLE AMATEURLISENSIEHOUERS

Alhoewel hierdie aankondiging in vorige bulletins van die SARL ingesluit was en dit op die webwerf beskikbaar is, ontvang die SARL steeds oproepe van radioamateurs wat uitvind dat sy roepsein aan 'n ander persoon toegeken is.

Ons herhaal dus die vorige aankondiging:

OKOSA het **34 000 radiolisensies**, wat vir die afgelope 365 dae **onopbetaald** was, **gekanselleer**. Dit sluit **alle amateurradiolisensies** in waarvoor geen betaling vir die tydperk ontvang is nie. Gaan na of u u lisensiegeld betaal het, en, indien u nie 'n geldige, gedrukte, lisensie of 'n offisiële kwitansie het nie, skakel OKOSA by 011 566 3313 of 011 566 3319 tussen 08:30 en 16:00 Maandag - Vrydag.

### **HOU U LISENSIENOMMER BYDERHAND.**

Indien u amateurlisensie gekanselleer is, skakel OKOSA nou en **OKOSA sal dit herstel indien u bewys van betaling kan verskaf**. Indien u nog nie betaal het nie, betaal nou met gebruik van die inligting en rekeningnommer van u laaste lisensie.

'n E/pos kan ook gestuur word aan PETER LEONARD by -“

[pleonard@icasa.org.za](mailto:pleonard@icasa.org.za)” of 'n FAKS kan gestuur word aan P. Leonard FAKS NO. 031-334-9518 met navraag tov. jou lisensie.

U kan ook PETER skakel by tel. No. 031-334-9515.

Wees asb. Geduldig aangesien hy ons as Radio-Amateurs “**uithelp**” met die probleem tov. lisensies wat onopbetaal is.

U kan ook moontlik hulp kry by die volgende nommer nl.

Dit is 'n PC FAKS - 011-566-4042. (Dit is 'n rekenaar faks no.)

**LET ASB. OOK DAAROP !! :- dit is elke Amateur se eie verantwoordelikheid om te sorg dat sy lisensie tot op datum op betaal is, adresveranderings na OKOSA / ICASA deur te gee ens. Indien u nie u lisensie betaal nie sal dit opgeskort word en u mag nie weer as 'n Radio- Amateur op die lug wees nie. Hierdie jaar is die lisensiegelde nog R24-00 maar van 1 April 2012 tot 31 Maart 2013 skuif dit op na R120-00 per jaar.**

**U kan ook na enige poskantoor toe gaan met u huidige lisensie en dit daar betaal.**

Vorsien deur Johann du Plessis  
(Jeug – Koördineerder ZS6JVT) ZS6PSS

# Fondasie vir torings

Ek self het al soms baie nagedink oor hoe ek behoort tewerk te gaan wanneer dit kom by die fondasie vir 'n toring. Daar moet na 'n paar vaktore gekyk word naamlik, die tipe grond waarin die fondasie gelê sal word, grootte van die betonvoetstuk vir die toring en so ook die hoogte van die toring.

In hierdie artikel gee ek so bietjie informasie vir die geontwerp van so 'n konstruksie.

## **Kom ons kyk nou in diepte na die ontwerp van die voetstuk:**

1. Tipe grond waarin die fondament gegiet gaan word.
2. Vorm en hoogte van die toring.
3. Weerstoestand (ligging)

tipe lugdraad.

Die tabel hieronder is 'n goeie verwysing van afmetings wat gevolg kan word met die hoeveelheid beton in vergelyking met toring hoogtes.

Dit sal raadsaam wees om jou voetstuk wyer, breër en minder diep te maak in sanderige gebiede vir beter gewigs verspreiding. In klei of turf gebiede raak dit meer gekompleseerd. As die klei of turf nat word, sit dit baie uit en kan enige struktuur gelig word. In sulke toesande sal ek jou aanraai om nouer en dieper te gaan om te vehoed dat die klei 'n groot drukkrag van onder die voetstuk kan uittoefen.

<i>Hoogte van toring</i>	<i>Voetstuk</i>	<i>Volume beton</i>
10m	0,9m x 0,9m x 1,2m diep	0,97m <sup>3</sup>
15m	0,9m x 0,9m x 1,8m diep	1,46m <sup>3</sup>
20m	1,0m x 1,0m x 2,0m diep	2,00m <sup>3</sup>

## **Volgende kyk ons na die sterkte van beton.**

Sterkte van beton word gegee in Mega-Pascal (MPa) wat die druk is wat beton kan weerstaan. Die minimum vereiste vir fundamente is 10MPa maar persoonlik sal ek 20MPa beton gebruik aangesien daar nie 'n groot prys verskil is nie en is ook sterker.

Die grootte klip, tipe sand, hoeveelheid sement en water bepaal die sterkte van die beton. Die verskillende groottes klip is beskikbaar in standaard mates van 13mm, 19mm en 26mm waarvan die 19mm die goedkoopste is. Drie tipes sand is beskikbaar naamlik Putsand, Waaisand en dan Riviersand wat meestal gebruik word.

**Wat om te koop.**

Die volgende tabel dui die hoeveelhede klip, sand, sement en water aan wat benodig sal word om 1m<sup>3</sup> beton met 'n druksterkte van 20MPa te meng.

Grootte klip (mm)	Massa klip (kg)	Massa sand (kg)	Massa sement (kg)	Volume water (liter)
13	1170	730	300	200
19	1180	745	285	190
26	1190	760	270	180

**Nou kan ons begin meng.**

Die volgende tabel dui afmetings aan emmer-gewys van die verskillende bestanddele benodig om beton met 'n druksterkte van 20MPa te meng. 'n Standaard bouers kruywa se volume is 65 liter en kan ook gebruik word om die bestanddele mee af te meet.

**Meng tegnieke.**

Om die beton met 'n graaf te meng is dit raadsaam om eers die sand en sement te meng. Meng goed deur en voeg dan 'n deel water by en meng weer deur. Voeg nou die klip by en mens verder saam met die oorblywende water. Sorg dat jou mengsel skoon bly van gras, grond, blare en ander gemors aangesien dit jou beton se sterkte kan beïnvloed.

**Giet metode.**

Giet jou beton in lae van so om-en-by 150mm in die gat en stamp dit met 'n plank of dryfhout om sodoende al die lug uit die beton te verwyder. Rede hiervoor is dat beton wat 1% lug bevat ongeveer 10% swakker is as wat beplan. Herhaal die proses met elke laag.

**Na-behandeling van beton.**

Beton bereik ongeveer 70% van sy beplande sterkte na 3 dae, 90% na 28 dae en 98% na ongeveer 3 maande. Neem die volgende in ag gedurende en na plasing van beton om te verseker dat jou mengsel die nodige sterkte sal bereik:

1. Indien die uitgraving baie droog is, behoort jy die wande eers goed nat te maak voor die beton gegiet word, sodoende sal verhoed word dat die grond die water uit jou mengsel trek.
2. Hou die beton oppervlak nat vir ten minste 3 tot 5 dae om verdamping te voorkom.

Moenie beton giet indien die nagtemperatuur onder 4°C kan daal nie. Die waterkan uitsit en vries en die beton sal geen sterkte hê nie.

Om hierdie tegnieke toe te pas sal verseker dat jou toring jare lank sal bly staan.

# Uit Toeka se dae

## Begraafplasia vertel die verhaal van Boschkop se baanbreker-Barnards

Bronberger Desember 2010

*Met dank aan en skriftelike goedkeuring van “Die Bronberger”*

Die oorspronklike opstal van die plaas Boschkop staan vandag steeds in vervalle glorie teen die hang van Boschkop se rantjies. Die lief en leed van die Barnards wat dié Victoriaanse herehuis gebou het, is uitgegriffel in die plaasbegraafplasia se grafstene.

As dié herehuis kon praat, sou hy vertel van die Barnard-seuns wat in die Tweede Vryheidsoorlog esneuwel het, een van hulle in die slag van Donkerhoek, en die wat in die 1914 rebellie dood is. Hy sou vertel van die Groot Griep wat die familie so genadeloos getref het, van die Terblanche en Van der Merwes waarmee hulle getrou het, en van die Besters wat die plaas later vir dekades besit het. Die Besters se plaasbestuurder werk vandag steeds daar en het vir ons die onlangse geskiedenis van die plaas vertel. Hank Schrader is al vir 30 jaar plaasbestuurder op die gedeelte van die Boschkop-plaas wat vandag Waterlake Farm genoem word.

Waterlake is 300 ha groot met reekse dammetjies en ’n dam van 20 ha wat Theuns Bester van 1983 tot 1985 gebou het. Hank het in 1976 vir Theuns Bester begin werk. Hy sê dat Theuns die plaas in die middel sestigerjare by ’n Dr Wynn gekoop het. Teen daardie tyd het die Victoriaanse plaasopstal reeds leeg gestaan en is dit die spookhuis genoem. Toe die Bester-broers in 1993 bankrot gespeel het, is die plaas op ’n veiling aan Sinovich Investments verkoop. Dié groep het die plaas verskeie kere verkoop, maar die koop het telkens deur die mat geval tot ’n Amerikaner, Eugene Delaney Jackson, wat sy Afrika-wortels kom opdiep het, die plaas in 1997 gekoop het. Hy het die plaas tot 2005 besit toe die ontwikkelaars van Waterlake Farm die plaas bekom het. Die erf waarop die herehuis vandag staan was een van die eerstes wat in die Waterlake-ontwikkeling verkoop is en behoort aan ’n argitek, Bruce Faulis.



Die Victoriaanse opstal waarin die Barnards van die plaas Boschkop gewoon het.

### Herehuis

Die huis spog met sy oorspronklike sinkplate en ‘Oregon pine’ vloere, plafonne en prentlysies. Die vloere is nog in ’n goeie toestand, maar weens lekkasies het die plafonne plek-plek begin mееgee. Die oorspronklike vuurherd het ongelukkig verdwyn.

Dié gesin moes die gebied se blink Barnards gewees het, want hulle het selfs ’n buitekamer laat aanbou vir ’n reisende negosiehandelaar wat altyd met sy smousware by die plaas aangedoen het.

Hank vertel dat daar boorde met die heerlikste geelperskes in die berg was toe hy op die plaas aangekom het. Die leivore waarmee hul natgelei is was steeds daar, maar net die besproeiingsdam, wat van dieselfde leiklip as die huis se fondasiemure gebou is, kan vandag nog gesien word. Hank kon aflei dat die Barnards met hoenders geboer het, want die plek waar die kuikens grootgemaak is, staan vandag nog. Later het Hank vir Theuns Bester gehelp om met varke en toe met melkkoeie te boer.

Dit is juis as deel van die boerdery, toe Hank een aand so om-en-by middernag brandstof by ’n pomp naby die familiebegraafplasia moes gaan aflaai, dat sy hare behoorlik gerys het. Hank het dié plek op pad na die begraafplasia vir ons gaan wys waar die hoendervleis hom onwillekeurig gepak het, maar het verder oor spoke soos die spreekwoordelike graf geswyg.

### Grafstene

Die grafte van die Barnard-moeder en vader, wat waarskynlik in die laat 1800’s die huis laat bou het, lê langs mekaar, naaste aan die ingang van die begraafplasia. Die vader was Petrus Johannes Barnard, gebore 7 Mei 1843 en oorlede op 26 Februarie 1920. Die moeder se graf is so verweer dat die grafskrif bykans onleesbaar is. Dit wil amper lyk of daar Johanna Aletta staan en asof sy in 1845 gebore is. Op die kinders se grafte word haar naam as JJA Barnard, gebore van Dyk, aangedui. As ons na haar dogter se name kyk het die JJA waarskynlik vir Jacoba Johanna Aletta gestaan. Op Petrus se graf is sy kinders aangeteken en dit lyk asof die lys ook skoonseuns en ’n –dogter insluit.

Die kinders is waarskynlik volgens ouderdom gelys: Petrus J Barnard, Martha M Barnard, gebore Esterhuizen, Barend J Barnard, Susara J Barnard, Jacoba J van der Merwe, gebore Barnard, Daniël J Terblanche en Magdalena C Terblanche, gebore Barnard.

### Oorlog

Die kinders wat reeds oorlede is toe Petrus tot sterwe gekom het, is nie op sy grafsteen aangedui nie, maar lê neffens hom begrawe. Die eerste twee seuns het in die Tweede Vryheidsoorlog gesneuwel en elkeen se grafskrif lees: “Zyn zon is ondergegaan terwyl het nog dag was.”



Die gang by die voordeur het nog sy oorspronklike 'Oregon pine' vloere

Willem Hendrik Stephanus is op 25 April 1873 gebore, en is te Bakenlaagte op 30 Oktober 1901 gewond. Hy is op 3 Desember 1901 oorlede. Willem moes 28 jaar oud gewees het, maar dit is nie bekend of hy afstammeling gehad het nie. Sy jonger broer, Frans Johannes, is in die slag van Donkerhoek dood. Hy is op 7 September 1880 ge-



Frans Johannes Barnard is noodlottig gewond in die slag van Donkerhoek

bore, is op 12 Junie 1900 gewond en het op 13 Junie 1900 aan sy wonde beswyk. Dan is daar die twee broers, 'n ouboet en kleinboet, wat 'n dekade en 'n half daarna op dieselfde dag oorlede is – weer in 'n oorlog. Dié keer was dit die Eerste Wêreldoorlog en op eie bodem was dit die 1914 rebellie. Hendrik Stephanus is op 8 Junie 1886 gebore en het op 5 November 1914 by De Albert Silver Mijn gesneuwel. Petrus Stephanus is op 9 September 1895 gebore en het op dieselfde datum en plek as sy broer gesneuwel.



Deur 'n hortjiesvenster sien 'n mens die klipdam op die berg

### Griep

Die volgende twee grafte is van der Merwe seuns wat in die Groot Griep dood is. As 'n mens kyk na die name van die ouers wat op die grafstene verskyn, GJ en JJA van der Merwe, gebore Barnard, kan jy aflei dat dit een van die Barnards se middelste dogters, Jacoba J van der Merwe, se seuns moes wees en dat haar man reeds oorlede was toe ou oom Petrus begrawe is; dié dat sy naam nie op die grafsteen gelys word nie. Later het ons op sy graf afgekom en hy is 'n paar maande na ou oom Petrus in 1920 oorlede. Teen die tyd wat oom Petrus se grafsteen opgesit moes word, het die familie seker besluit om dié skoonseun nie meer as lewende te noem nie. Gert Johannes van der Merwe is op 29 November 1867 gebore en is op 10 September 1920 aan maagkanker oorlede.

Gert en Jacoba se twee seuns wat aan griep oorlede is, was Petrus Stefanus van der Merwe, gebore op 8 Februarie 1892 en oorlede op 4 Junie 1919. Sy broer, wat 10 dae ná hom aan griep dood is, lê langs hom. Petrus Johannes van der Merwe is op 5 Mei 1895 gebore en is op 14 Junie 1919 dood.

'n Derde kind wat in die tyd van die Groot Griep oorlede is, het 'n raaisel laat ontstaan: Susanna Katrina van der Merwe se ouers word ook op die grafsteen aangedui as GJ en JJA van der Merwe, maar daar word gesê dat Susanna 'n nooi Van Vuuren was. Volgens die datums op haar graf was sy maar 14 jaar oud toe sy dood is. Kon sy toe reeds met 'n van der Merwe-seun getrou het? Susanna is op 26 Desember 1894 gebore en is op 22 Junie 1919 aan griep dood – 'n paar dae ná Petrus Stefanus en Petrus Johannes van der Merwe.



Die grafte van Jacoba Johanna Aletta en Petrus Johannes Barnard

lê in 'n Van Vuuren graf en is 22 jaar ná hom oorlede. Is dit dalk die 14-jarige Susanna se van Vuurens? Die grafsteen sê: In liefdevolle herinnering aan ouma Jacoba Johanna Aletta, gebore Barnard. Sy is op 6 Januarie 1870 gebore en is op 5 Mei 1942 oorlede. Die grafsteen is deur haar kleinkinders, GJ en HM van der Merwe – Pieter en Johannes – opgerig. Geen een van die ander Barnardkinders is in dié begraafplasia begrawe nie. Tog het ons een van hulle in 'n ander begraafplasia in die Boschkop- gebied opgespoor. Op oom Petrus se grafsteen is sy aangedui as Magdalena C Terblanche, getroud met Daniël J Terblanche. Sy moes weer getrou het met 'n Wolmarans, want dit is die van op haar grafsteen, wat aandui dat sy op 11 Oktober 1877 gebore is en op 30 Desember 1969 oorlede is.

Magdalena lê by haar eerste man, Daniël Johannes Terblanche, wat op 26 Januarie 1875 gebore is en op 13 Desember 1922 oorlede is. Dit lyk asof van hulle kinders en 'n kleinkind ook daar begrawe is: Jacoba JA Potgieter, 'n nooi Terblanche, Andrias Bernardus Terblanche, FGJ Terblanche en nog 'n Daniël Johannes Terblanche wat die kleinkind kon wees. Volgens Hank bly daar nog 'n Barnard agterkleinkind in die Boschkopomgewing. Hy sê dat daar dekades gelede ook 'n Barnard-kleinseun, wat toe 'n polisieman in Silvertown was, na die huis kom kyk het. Enige iemand wat meer weet van Petrus en Jacoba Barnard of dalk foto's van dié gesin het, is welkom om ons te kontak by 012-734-0522 of [info@bronberger.co.za](mailto:info@bronberger.co.za).

#### Kindergraffie

Eenkant onder 'n boom lê 'n kindergraffie wat ons laat besef het dat Jacoba en Gert van der Merwe so 12 jaar voor die Groot Griep reeds 'n kind verloor het. Barend Jakobus van der Merwe was vier maande oud toe hy dood is. Hy is gebore op 14 Julie 1907 en oorlede op 27 November 1907. Die oorsaak van sy dood word nie op sy grafsteen genoem nie.

Dit lyk asof Jacoba ná Gert se dood weer getrou het, want sy


**COMPUTER SWOP  
& REPAIRS**

**JAN BROODRYK**  
072 1494 086

877 H/V BEN SWART  
& 24 STE LAAN  
VILLIERIA

**MAN ALONE, HAS THE POWER TO TRANSFORM HIS THOUGHTS INTO PHYSICAL REALITY; MAN, ALONE CAN DREAM AND MAKE HIS DREAMS COME TRUE.**

			
<b>Amateur Electronic Supplies</b>			
<i>Jou Bekostigbare Amateur Radio Handelaar</i>			
Johan Lehmann ZS6JPL			
083 3008677 / 012 8413648			
aesham@telkomsa.net			
			
	CABLE & INTERCONNECT SOLUTIONS FOR TELECOMS, BROADCAST AND MIL/AERO MARKETS		



Wie het gesê radioamateurs het nie 'n sin vir humor nie!

*Hierdie skets was op 'n voorblad van "Watts",  
Pretoria Radio-Amateur klub se nuusblad.*




## J-PAAL Antenna

### Inleiding

Die J-pool (J-paal) antenna, ook bekend as die Zepp antenna (kort vir Zeppelin), was die eerste uitgevind deur die Duitsers vir gebruik in hul ligter-as-lug lugskepe. Dit is uitgehang agter die lugskip. Dit bestaan in wese uit 'n enkele half-golflengte element. Dit is later verander in die J-pool opset, wat gewild geword met amateur-radio-operateurs, want dit is doeltreffende en relatief eenvoudig om te bou.

### Beginsel



Die J-pool antenna is dan 'n eind-gevoerde omni-direksionele dipool antenna wat aan die voerlyn gekoppel is met 'n kwart golf transmissielyn stomp.

Aanpassing met die voerlyn word bewerkstellig deur die korrekte aansluitingspunt op die stomp te vind – waar die VSWR so na as moontlik tot 1:1 is, natuurlik. Impedansie:  $50\Omega$ . Dit is in wese 'n half-golf antenna, en sal dus meer aanwins hê as 'n kwart-golf antenna. Grond-radiale elemente is nie nodig – soos by 'n kwartgolf antenna nie, en is dus eenvoudiger om


te maak.

Die J-pool is gevoelig vir metaal voorwerpe, en moet dus ten minste 'n kwart golflengte van vrye ruimte rondom hê. Die J-pool het dan 'n wins van tussen 2 en 3 dBi.

### Konstruksie

'n J-pool antenna kan sommer gou aanmekaar geslaan word, en kan maklik met 'n verskeidenheid van materiale gemaak word. Dit kan gemaak word van koperpyp, aluminiumpyp of -stawe, draad ens selfs van 'n stuk voerlyn.

Afmetings kan vinnig bekom word met 'n oulike sompompie by <http://www.hamuniverse.com/jpole.html>



Hier is dan die syfers vir 145.450 MHz:


A = 1.478m

B = 0.491m

C = 0.049m

D = 0.046m

Die pype kan gesoldeer word of met boute / skroewe ens vasgeheg word... (Figuur Regs)



'n Stuk plastiekpyp kan ook gebruik word om die spasiering aan die kopunt van die kort element reg te hou... (Figuur links)

Voerlyn Koppeling:

Die voerlyn kan direk aan die J-pool vasgemaak word, of as jy dink dis meer elegant, monteer 'n UHF sok.. (Figuur Onder)



Oop voerlyn

Die antenna kan ook van 'n stuk oop voerlyn gemaak word. Dit kan dan natuurlik opgerol word en dus maklik vervoer word – ideaal vir vinnige veldstasies, of dalk een in jou kantoor? Enige voerlyn -  $300\Omega$  of  $450\Omega$  – of wat ook al beskikbaar is, kan gebruik word, die afmetings sal net effe verskil – veral die posisie van die voerpunt.



# Ruimtetuig in wentelbaan om Mercurius 16

'n Ruimtetuig is die eerste keer nog suksesvol in 'n wentelbaan om die naaste planeet aan ons son geplaas.

Na byna sewe jaar en meer as 12 strategiese omwentelings van die son, het NASA se uiters duursame Messenger-ruimtetuig eindelik in 'n wentelbaan om Mercurius beweeg – iets wat nog nie voorheen gedoen is nie.

NASA het op sy webtuiste, NASA.gov, gesê die ruimtetuig is spesiaal ontwerp om die ontsettend warm temperature by Mercurius, die naaste planeet aan die son, te oorleef.

Mercurius, wat nie 'n atmosfeer het nie, is egter nie die warmste planeet in die sonnestelsel nie – die eer gaan aan Venus wat 'n atmosfeer het wat die son se hitte vasvang.

Messenger bevat sewe wetenskaplike instrumente wat vanaf 23 Maart een vir een aangeskakel is om aan wetenskaplikes 'n ongekende blik op Mercurius te gee.

Die Messenger-sending sou op 4 April, meer as 2 400 dae nadat dit die Aarde verlaat het, uiteindelik met sy primêre wetenskaplike fase begin.

Om 'n ruimtetuig in 'n wentelbaan om Mercurius te plaas word deur NASA as 'n “wetenskaplike en ingenieursmylpaal” bestempel omdat so 'n ruimtetuig oor jare verskeie strategiese maneuvres moet uitvoer om Mercurius vanuit 'n veilige hoek te benader om nie in die son se swaartekrag en hitte vasgevang te word nie.

Die Messenger-ruimtetuig was volgens NASA 'n ongelooflike 155,06 miljoen kilometer van die aarde en slegs 46,14 miljoen kilometer van die son af toe dit Mercurius bereik het.

Dit neem Messenger sowat 12 uur om een omwenteling van die planeet te maak.

Voordat die ruimtetuig sy wentelbaan bereik het, het dit 'n verbyvlug van die aarde, twee verbyvlugte van Venus en drie verbyvlugte van Mercurius self voltooi.

Messenger bied aan NASA die eerste nuwe data van Mercurius sedert die Mariner 1-sending meer as dertig jaar gelede, wat slegs verby Mercurius beweeg en nooit 'n wentelbaan bereik het nie. “Hierdie is voorwaar 'n mylpaal vir ons klein, maar hoogs ervare operasionele span wat Messenger oor ses jaar soos skaapwagters deur ses planetêre verbyvlugte, vyf groot maneuvres en 16 vlug-aanpassings moes stuur,” het dr. Eric Finnegan, stelselingenieur van die Messenger-span, gesê.

Sy kollega, mnr. Sean Solomon, die span se hoof-ondersoeker, het gesê hulle is baie opgewonde oor die fase wat nou begin. “Ons betree nou 'n nuwe vlak, waar die wetenskaplike operasies waarvoor Messenger na Mercurius gestuur is, kan begin,” het Solomon gesê.

“Ons is gereed en baie opgewonde om meer oor Mercurius te leer.”




*Die beeld wat deur NASA uitgereik is, wys 'n vergrote foto van Mercurius. Dit is in 2008 deur Messenger geneem toe dié verby die planeet gevlieg het.*

***Verwerk deur Fanie van Rooyen.***

Berig uit Volksblad.  
Foto vanaf Mieliestronk

# ANTARKTIKA - VRIEND OF VYAND?

*Deur Marten du Preez ZS6ZY*



## **DX VANAF DIE AGULHAS**

Een aand het ek op 20 meter met amateur's o.a. OH1JD in Turku, Finland, VE3HGN in Toronto, Canada en W2YMH in New York gesels. By ander geleenthede is kontak met KP4BJP in Peurto Rico, PP8BV in Manaustaat, LU7DJ in Buenos Aires, CX2SA in Mitnas, F2KC in Toulous gemaak. Maar een QSO wat ongeveer 30 minute geduur het, was met Ivor G1DAI in Belfast. Hulle was baie beïndruk wat met die klein sender en dipool verrig word. Dit was nie ongewoon om 5-7 tot 5-9 sein rapporte van hulle te kry nie. Die twee baluns wat in die voerlyne van elke dipool aangebring was en 'n SGV van 1:1,12 en minder was die rede dat maksimum doeltreffendheid behaal was. Selfs die skip se operateur het my nie gehoor as ek op die lug was nie en ook omgekeer. Weereens 'n bewys; sorg dat die antennestelsel optimaal aangepas is en jou bure sal nie kla nie.

## **ONTGROENING VAN GROENTJIES**

Almal aan boord van die Agulhas wat nog nie voorheen op Antarktika was nie, moes volgens tradisie deur koning Neptune aanvaar word. Die persoon moes voor hom kniel om sy oortredinge aan te hoor en die straf is dat hy/sy in 'n houer gevul met yskoue seewater en blokkies ys daarin, gedompel word. Daarna bieg hy voor die koning en word 'n rou eier op sy kop

stukkend geslaan; na 'n valbyl geneem waar broodmeel oor sy kop gegooi word en 'n skeplepel met 'n "mengsel" in sy mond geplaas. Daarna het elkeen wat gedoop was vinnig na die naaste stort gehardloop om van die koue en doopsous ontslae te raak. Dit het groot pret verskaf.

## **SEEBOEIE NEERGELAAT**

Drie seeboeie is presies op vooraf beplande ko-ordinate in die see geplaas wat vir ongeveer twee tot drie jaar weerkundige data op 400MHz uitsaai en deur satelliete ontvang word en na die aarde herlei word. Die boeie is wêreldwyd op strategies plekke geplaas en voorsien waardevolle inligting aan skepe.

## **PAKYS EN YSBERGE**

Net daarna het ons die eerste ysberge gesien, eers kleintjies maar later het groter ysberge van 10 tot 20 km lank en 5 km breed verskyn. Daarna het ons die pakys-gordel van ongeveer 150km breed binnegevaar maar gelukkig was die pakys nie dik nie en kon die skip maklik daardeur vaar. Indik pakys het skepe reeds vir dae en weke vasgesit. In die somermaande is dit 24 uur daglig, dus kan die ysberge maklik opgemerk word, benewens die vertoon op die radarskerm.

# Herdenkings

## **VERJAARSDAE:**

- 01 Julie verjaarsdag van Kobus ZS6KOB
- 02 Julie verjaarsdag van Anette ZR6D LV van Brian ZS6YZ
- 03 Julie verjaarsdag van Ingrid LV van Marnix ZS6MCM
- 08 Julie verjaarsdag van Thurston Seun van Thurston ZR6TS en Michelle
- 10 Julie verjaarsdag van Diane LV van Peet ZS6PGN
- 10 Julie verjaarsdag van Mike ZS6UP
- 13 Julie verjaarsdag van Corrie ZR6AXM
- 13 Julie verjaarsdag van Chris ZS6FCS
- 13 Julie verjaarsdag van Paul ZS6PR
- 14 Julie verjaarsdag van Ronel LV van Thomas ZS6TJS
- 21 Julie verjaarsdag van Elmarie ZR6AXF LV van Johan ZS6JPL
- 22 Julie verjaarsdag van Bennie ZS6ABS
- 23 Julie verjaarsdag van Jacques Kleinseun van Johan ZS6JPN en Jenny ZS6JWN
- 23 Julie verjaarsdag van Lettie LV van Len ZS6LEN
- 23 Julie verjaarsdag van Rika Dogter van Marten ZS6ZY en
- 27 Julie verjaarsdag van Semantha Skoondogter van Johan ZS6JPN en Jenny ZS6JWN
- 29 Julie verjaarsdag van Thomas Kleinseun van Pieter ZS6LC en Louise
- 31 Julie verjaarsdag van Erens ZS6EFG
- 02 Augustus verjaarsdag van Santa LV van Chris ZS6FCS
- 06 Augustus verjaarsdag van Elize ZR6ELZ
- 09 Augustus verjaarsdag van Brent Seun van Douwe ZR6DOU en Jenny
- 09 Augustus verjaarsdag van Quartus ZS6QDW
- 10 Augustus verjaarsdag van Joei LV van Roelf ZS6ARR
- 10 Augustus verjaarsdag van Hannetjie LV van Gerrie ZS6GSB
- 11 Augustus verjaarsdag van Mariska Kleindogter van Daan ZS6BTM en Lettie
- 15 Augustus verjaarsdag van Roelf ZS6ATK
- 17 Augustus verjaarsdag van Coba ZR6CMA LV van Thys ZS6MJM
- 17 Augustus verjaarsdag van Tertius Skoonseun van Louis ZS6BUS en Katy
- 17 Augustus verjaarsdag van Justus Skoonseun van Louis ZS6BUS en Katy
- 19 Augustus verjaarsdag van Pieter ZS6LC
- 19 Augustus verjaarsdag van Roelf ZS6ARR
- 22 Augustus verjaarsdag van Gerna Dogter van Johann ZS6PSS en Kobie
- 24 Augustus verjaarsdag van Karin Dogter van Louis ZS6BUS en Katy
- 25 Augustus verjaarsdag van Andr ♦ ZR6MAW

## **HUWELIKS HERDENKINGS:**

- 08 Julie herdenking van Hannes ZS6JDE en Elmarie
- 07 Augustus herdenking van Marten ZS6ZY en
- 11 Augustus herdenking van Gerrie ZS6GSB en Hannetjie
- 22 Augustus herdenking van Brian ZS6YZ en Anette ZR6D

**As jy lid van die klub is & jou naam nie hier genoem is nie,  
laat weet asseblief enige komitee lid dat ons dit kan regstel  
en ons databasis kan bywerk!**

## Weerstande in Parallel

Komponente kan ook op 'n ander manier nl. *parallel* met mekaar verbind word, dus verskyn dieselfde spanning oor elkeen van die komponente maar die strome in hulle mag (en sal heelwaarskynlik) van mekaar verskil.

Beskou die volgende kring wat twee weerstande in parallel verbind toon.

(Hierdie keer word die spanningsbron nie getoon nie – miskien behoort dit 'n “gedeeltelike kring” genoem te word).

Dieselfde spanning  $V$  verskyn oor beide weerstande. Die strome deur hulle is  $I_1$  en  $I_2$ , terwyl die totale stroom deur die weerstande is  $I_{TOTAAL}$ .

*Weereens word die afleiding slegs vir interessantheid voorsien en sal daar nie daarvoor geëksamineer word nie.*

Deur gebruik van Ohm se wet,

$$I_1 = V \div R_1 \text{ en } I_2 = V \div R_2$$

Volgens Kirchoff se Stroomwet,

$$I_{TOTAAL} = I_1 + I_2$$

Vervang die waardes van  $I_1$  en  $I_2$  verkry deur gebruik van Ohm se wet,

$$I_{TOTAAL} = (V \div R_1) + (V \div R_2)$$

Pas Ohm se wet op die hele kring toe,

$$V \div R_{PARALLEL} = I_{TOTAAL} = (V \div R_1) + (V \div R_2)$$

Waar  $R_{PARALLEL}$  die ekwivalente weerstand van die twee weerstande in parallel is. Deel deur  $V$ , 1

$$\div R_{PARALLEL} = (1 \div R_1) + (1 \div R_2)$$

Hierdie is die resultaat waarna ons gesoek het aangesien dit die verhouding toon tussen die gekombineerde parallelweerstand en die onderskeie weerstande. Dit is nie so maklik om dit in woorde te sê nie, maar ek sal probeer

*Wanneer twee of meer weerstande in parallel geskakel word, is die omgekeerde van die ekwivalente weerstand die som van die omgekeerdes van die individuele weerstande.*

(Let wel: die omgekeerde van 'n getal is een gedeel deur daardie getal).

Dit laat ons nou met die omgekeerde van die waarde wat ons wil weet. Gelukkig is dit maklik om die omgekeerde van 'n getal om te skakel na die getal self – bereken dus die omgekeerde van die omgekeerde en daar is die oorspronklike getal! By voorbeeld, veronderstel 'n 220 ? weerstand is in parallel geskakel met 'n 330 ? weerstand. Ons kan die gelykstaande van die twee weerstande in parallel as volg bereken;

$$1 \div R_{PARALLEL} = (1 \div R_1) + (1 \div R_2)$$

$$= (1 \div 220) + (1 \div 330)$$

$$= 0.00455 + 0.00303$$


$$= 0.00758$$

So  $R_{PARALLEL} = 1 / 0.00758$  (Die omgekeerde van die omgekeerde!)

$$= 132 \text{ ?}$$

Daar is 'n kortpad waarvan gebruik gemaak kan word wanneer al die weerstande van dieselfde waarde is. In hierdie spesiale geval, indien al die weerstande die waarde  $R$  het, en daar 'n weerstande in parallel verbind is, dan is die ekwivalente weerstand  $R/N$ .

Ek laat die bewys hiervan oor as 'n oefening vir die geïnteresseerde persoon.



# Wat's te ete?

## VARKRIBBETJIE OOR KOLE

2kg varkkorribbetjies ("spare ribs") in porsies gesaag  
sout en vars gemaalde swartpeper na smaak

### MARINADE:

2 uie, gekap	3 knoffelhuisies, fyngedruk
500ml rooibostee	250ml kookolie
250ml tamatiesous	250ml blatjang
75ml Worcestersous	125ml wynasyn of asyn
10ml aangemaakte mosterd	

Meng die marinadebestanddele in 'n kastrol. Verhit tot kookpunt en prut 'n paar minute lank. Laat afkoel. Giet die koue marinade oor die ribbetjies en marineer oornag in die yskas. Verwyder die ribbetjie uit die marinade en druk droog met kombuispapier. Rooster ribbetjie 20-25 minute lank oor matige kole. Geur met sout en peper.

## GESTOOFDE VOLSTRUISNEK

45 ml olyfolie	4 middelslag uie, gekap
soetrissies, 1 elk geel en rooi, in repe gesny	
2 groen soetrissies, in repe gesny	
250g sampioene, in skyfies gesny	3 huisies knoffel, gekneus
750g spek, in blokkies gesny	
2kg volstruisnek, in stukke gesny	
4 x 250ml water	15ml asyn
4 lourierblare	5 ml gemaalde naeltjies
gemaalde swartpeper na smaak	gegeurde en gewone sout
500ml rooi wyn	
410g blik tamatie-en-uiesmoor	
410g blik tamatiepuree	
300g heel worteltjies, geskraap	
vars pietersielie, gekap	

Verhit olie en soteer uie, soetrissies, sampioene en knoffel daarin. Haal uit en hou eenkant. Braai spek in dieselfde pot, skep helfte daarvan uit en voeg by die groente. Sit volstruisnek by res van spek in pot en braai verder. Voeg water, asyn, lourierblare, naeltjies, sout en peper by vleis en kook vir 30 minute. Voeg dan rooi wyn, tamatiesmoor en tamatiepuree by en kook 2-3 uur of tot vleis sag is (voeg water by soos nodig). Voeg worteltjies, asook groentemengsel met spek wat eenkant gehou is, by vleis. Kook net tot deurwarm. Garneer met vars pietersielie en kappertjieblomme. Bedien met rys en soetpatats

## Pret met planeete

Deur Marlize Leyden

Wat is die verskil tussen planeete en sterre? Waar kry die planeete hul name vandaan? En dan: gaan 'n planeet die aarde in 2012 tref?

### Die heelal, die melkweg, die sonnestelsel en die aarde.

- Dit is eintlik onmoontlik om die heelal te beskryf. Selfs die mense wat baie van sterre weet, kan nie presies sê hoe groot of oud die heelal is nie. Die heelal is alles wat ons kan sien, maar ook nie kan sien nie.
- Die heelal bestaan uit verskillende sterrestelsels. Sterrestelsels bestaan uit sterre wat bymekaar gegroeper is. Die sterrestelsel waarvan die aarde deel is, word die melkweg genoem.
- Die son is een van die duisende sterre van die melkweg.
- Die aarde is een van die planeete wat om die son draai.

Die maan draai om die aarde, maar word 'n satelliet genoem.

### Is 2012 die einde van die wêreld?

In die flik *2012* word daar voorspel dat 'n planeet met die naam Niburu die aarde gaan tref en dat dit die einde van lewe op ons planeet sal beteken. Alhoewel 'n asteroïede ('n rots wat deur die ruimte beweeg) 65 miljoen jaar gelede die dood van al die dinosourusse beteken het, sê wetenskaplikes en sterrekundiges van die hele wêreld dat daar nie eers 'n planeet soos Niburu is nie. As die flik waar was, sou wetenskaplikes dit al 10 jaar gelede met hul teleskope opgemerk het en teen die tyd sou mense dit met die blote oog kon sien.

### Waar kom die planeete se name vandaan?

Die meeste planeete se name kom uit die Griekse en Romeinse mitologie. Mitologie is die stories wat mense vertel het om die wêreld om hulle beter te verstaan. Die mense van die antieke tye het nie het nie in een God nie, maar in verskillende gode geglo. Mites was allerhande soort stories oor hierdie gode. Die aarde is die enigste planeet wie se naam nie uit die mitologie geneem is nie.

**Mercurius** was die naam van die boodskapper van die Romeinse gode. Mercurius het hierdie naam gekry omdat dit so vinnig deur die sterrehemel beweeg.



**Venus** is die naam vir die godin van liefde. Dit is een van die helderste planeete in die naghemel.



**Jupiter**, wat die koning van die gode was, is die naam van die grootste planeet in ons sonnestelsel.



### Op die wew

Op plekke waar die lug skoon is, kan jy sterre baie duidelik sien. Jy kan ook jou pa se verkyker leen as jy na die naglug kyk. Maar wanneer jy naby Johannesburg en Kaapstad is, kan julle gesin een van die planetariums besoek. Hier word daar vertonings gehou om die mense meer van sterre in die heelal te vertel. Gaan maak 'n draai by [www.planetarium.co.za](http://www.planetarium.co.za) (Johannesburg) en [www.iziko.org.za](http://www.iziko.org.za) (Kaapstad)

**Erkenning aan Hoezit.  
Jeugtydskrif van ATKV.  
Skriftelike goedkeuring vir  
herpublikasie.**

## DAMESTROFEE



Hierdie trofee is deur Japie ZR6JN geskenk en in gebruik geneem in 2006.

In die grondwet staan opgeteken onder 9.1.9:

*Damestrofee:  
Word toegeken aan die dameslid wat uitblink het in diens aan die klub op sosiale gebied.*

## SONSITTERSTROFEE

Hierdie trofee het in die naam so bietjie sarkasme agter hom, maar gaan nie aan die persoon wat net in die son sit en niks doen nie. Hierdie is 'n unieke trofee wat eintlik baie beteken. Die persoon wat hierdie trofee aan toegeken word, het gewoonlik die meeste aksie gedurende die fietswedrenne gehad.

Geskiedenis onbekend.

In die grondwet staan aangeteken onder 9.1.10.2:

*Die sonsitterstrofee word toegeken aan die tweede verdienstelikste geval van onbaatsugtige hulpverlening gedurende fietswedrenkommunikasie.*



## TONI DE WIT KONTANT SKENKING

Geneem uit Teenspanning Februarie 1979

'n Bedrag van R250-00 is aan Tak Noord-Transvaal geskenk deur Elsa de Wit, LV van Wyle Toni ZS6AO. Hierdie bedrag sal vas belê word en die rente daarop sal jaarliks gebruik word om 'n boekprys te koop vir die lid wat, volgens die mening van die komitee, gedurende daardie jaar die beste presteer (of die beste gevaar) het in die verbetering van sy/haar tegniese kennis.

Riglyne waarvolgens hierdie boekprys gewen sal kan word, sal nog deur die komitee vasgestel word en die fonds moet nog 'n gepaste naam ook kry. Al hierdie sake sal so gou moontlik aandag van die komitee geniet en lede sal ooreenkomstig ingelig word.

Deur middle van Teenspanning wil al die lede van Tak Noord-Transvaal hulle opregte dank en waardering uitspreek teenoor Elsa, vir hierdie baie mooi gebaar. Ons voel oortuig daarvan dat dit ons lede tot groot hoogtes sal aanspoor.

Verder wil ons haar verseker dat T.N.T/ haar nooit sal vergeet nie en dat ons haar baie graag by al ons uitstappie en byeenkomste sal wil verwelkom.

Toe nou, hier is kans vir al die leergieriges om 'n baie mooi – en waardevolle – boekprys te bekom. Skouer aan die wiel en enige een staan 'n kans om te wen!

## TONI DE WIT BOEKPRYS

SOOS IN Teenspanning Augustus 1979 gepubliseer.

*Hierdie toekenning is vir die eerste keer gemaak by die A.J.V. van die Tak en word toegeken vir die bete voltooide, werkende projek wat deur enige lid aangepak word. Projekte word kwartaalliks be-oordeel.*

**Tak Noord Transvaal  
Amptelike opening van  
klubhuis te Visagiestraat  
op 18 Februarie 1978.**

*Fotograaf onbekend*

